# SKOLEBEDIENING: Gebed

**Doel van les:**

Om die belangrikheid van gebed te beklemtoon, maar ook vir die kinders 'n praktiese 'tool' te gee om hulle te help in hulle gebedslewe

**Praise and worship**

**Paar vrae:**

1. Wat is gebed?
2. Hoekom bid ons?
3. Is dit belangrik om te bid?
4. Is dit vir julle maklik om te bid?

**Ysbreker:**

**Aktiwiteit 1: Om naby aan God te wees**

Laat die kinders in 2 rye staan, die een groep teen die een muur en die ander groep teen die ander muur. Die een ry se kinders moet vir die ander ry se kinders iets sê om te doen, hulle kry 'n papiertjie met 'n lys van goed op wat hulle die ander groep moet laat doen. Daar is baie kinders en almal praat gelyk, jy moet al harder praat om te kan hoor. Elke keer wanneer jy jou instrukisie suksesvol afgehandel het mag jy een tree vorentoe gee. Gaan so aan totdat al die instruksies afgehandel is.

**Process**: Was dit maklik of moeilik aan die begin om te hoor wat om te doen? Hoekom? Dis makliker om met God te praat wanneer ek 'naby' aan Hom is, in 'n verhouding met Hom is. Dan is dit makliker om te weet wat en hoe om te bid. Ek kan dan ook beter 'hoor' wanneer Hy my antwoord of 'n instruksie gee.

**Aktiwiteit 2: Die voorbeeld**

Teken iets op 'n stuk papier en vou dit op sodat die kinders nie kan sien wat jy geteken het nie. Gee nou vir elke kind 'n pen en papier en sê hulle moet dieselfde as jy teken. (sonder om hulle te wys – hulle moet 'raai' wat jy geteken het). Gaan van groep tot groep en wys net vir 1 in elke groep wat jy geteken het. Die ander gaan moan en sê dis unfair en cheating. Vra dat almal wys wat hulle dink jy geteken het. Die wat gesien het gaan dieselfde wees.

**Les inhoud**:

Gebed is vir baie mense 'n baie moeilike ding om te doen, want ons weet nie altyd wat of hoe om te bid nie, maar dis makliker as ons 'n voorbeeld het wat ons kan gebruik.

**Vraag**: Wie van julle weet waar is 'n voorbeeld wat ons kan gebruik?

Die Onse Vader – Matt 6:9-13 – Jesus self het die voorbeeld-gebed vir ons kom gee. Wanneer ons na die Onse Vader kyk bestaan dit uit 4 dele:

- **BEWONDERING** – Jy vertel vir God hoe jy Hom bewonder
- **BELYDENIS** – Jy vertel vir God dat jy jammer is oor jou sondes
- **DANKIE** - Jy sê vir God dankie vir waarvoor jy dankbaar is
- **VERSOEK** - Vra God waarvoor jy wil bid

**Prakties:**

Gee vir elke kind 'n pen, papier, backingboard. Julle gaan nou gou in julle groepe sit en aan woorde dink wat julle by elkeen kan gebruik om te bid. Wanneer jy sukkel om te bid, gebruik dit eers, later, soos jy nader aan God kom gaan dit vir jou makliker raak en gaan jy jou eie woorde begin gebruik.

**Sluit af met gebed in die groepies**